

## Enkele gedagtes oor die teks van die Nuwe Testament<sup>1</sup> Prof. GDS Smit

### 1. Inleiding

#### 1.1 Die AP Kerke en die besluit oor die gebruik van Bybelvertalings

Toe die heel eerste sinode van die AP Kerk in 1987 gekonstitueer het, was daar net 2 Afrikaanse Bybelvertalings waaruit die nuwe kerk kon kies toe 'n amptelike vertaling vir gebruik in die kerk bepaal moes word: die 1983-vertaling wat toe reeds in gebruik was by die ander Afrikaanse kerke, en die 1933/53 vertaling wat vroeër in gebruik was.

Dit het vroeg in die bestaan van die kerk reeds duidelik geword dat daar ongelukkigheid by lidmate bestaan ten opsigte van die 1983-vertaling. Die ongelukkigheid het veral gedraai rondom die taatgebruik, vertaalmetode en die gebruik van die grondtekste.

Die sinode van 1989 neem toe die bekende besluit wat sedertdien in die kerkordes opgeneem is, en onveranderd tot 2001 gegeld het (Handelinge 1989, bl. 446-449; KO 2000, bl. 139-140). In die besluit word verwys na die feit dat die 1983-vertaling, hoewel deur vele aanvaar, tog ook vir vele omstrede bly, veral ten opsigte van die vasstelling van die brontekste en die vertaalmetode. Die besluit behels dat die 1953-vertaling by Woordverkondiging gebruik moet word en dat die 1983-vertaling by Woordverkondiging ter toeligting gebruik kan word.

Baie lidmate was verwar oor wat die woorde “ter toeligting” behels, en daarom is dié probleem by die sinode 2001 ondervang toe besluit is om die verwysing na die 1983-vertaling se “ter toeligting” te vervang met die woorde “dat enige vertaling ter toeligting gebruik mag word om die Bybels-Gereformeerde betekenis uit te lig en te beklemtoon” (Handelinge 2001, p. 557, KO 2002, p.132, 9.3.3).

Verder het die sinode 2001 'n ad-hoc kommissie benoem wat basiese riglyne vir die beoordeling van 'n vertaling moes opstel en die sinode 2004 met 'n voorstel moes dien.

Hierdie kommissie het die sinode 2004 onder meer gewys op die noodsaaklikheid van nuwe vertalings van die Bybel in enige taal, omdat 'n taal groei en ontwikkel. Ons praat vandag Afrikaans anders as in die eerste dekades van die vorige eeu. Dit beteken egter dat vertalings moet tred hou met die taal wat in die volksmond leef, sonder om oppervlakkig te wees of die waardigheid van die Skrif aan te tas.

Tot voor die sinode van 2004 het die AP Kerk hom egter nog nie uitgespreek oor die gebruik van brontekste vir die vertalings nie.

---

<sup>1</sup> Referaat gelewer by die jaarlikse Teologiese dag van die AP Akademie. Januarie 2012

## 2. Wat is die regte grondteks?

In die gesprek oor die twee bestaande Afrikaanse Bybelvertalings, natuurlik dan ook die aanstaande Bybelvertaling, tree die kwessie van die grondteks al meer op die voorgrond, spesifiek die grondteks vir die Nuwe Testament. Namate dit duideliker word dat baie verskille tussen die 1933/53-vertaling en die 1983-vertaling te wyte is aan die feit dat verskillende grondtekste gebruik is, word al hoe dringender gevra: Wat is die regte grondteks?

### 2.1 Twee grondtekste

Die twee grondtekste waaroor die diskussie gaan, is die Textus Receptus (TR) waaruit die 1933/53-vertaling vertaal is, en die UBS-tekste waaruit die 1983-vertaling vertaal is.

Al wat die meeste mense weet van Textus Receptus (TR), is dat dit gebruik is as die grondteks vir die 1933-vertaling van die Afrikaanse Bybel.

’n Groep Nuwe Testamentici redeneer dat die lesings van die meerderheidmanuskripte bo die lesings van etlike ouer manuskripte te verkies is. Hierna word as die Meerderheidstekste- of Bisantynse Teksteorie verwys. Omdat hierdie teks binne die kerk deur die eeue oorgedra en bewaar is, word ook daarna verwys as die Tradisionele Teks of die Kerklike Teks. Die Ontvangde Teks behoort tot die manuskripte van die Meerderheidstekste, maar is nie daaraan gelyk nie (vgl.: Hodges & Farstad, 1985).

Maar dit is van grondliggende betekenis om te vermeld dat daar **nie 'n** TR of **dié** TR bestaan nie. Wat vandag aanvaar word as TR is 'n samevoeging van die lesings van verskeie manuskripte (MSS) en daar was verskillende uitgawes van gedrukte tekste wat telkens weer bygewerk is. So het Erasmus, wat verantwoordelik was vir die eerste gedrukte Griekse Nuwe Testament, in 1516 ongeveer 12 verskillende MSS gebruik en daar het ses verskillende uitgawes van sy teks verskyn. In elke uitgawe het daar nuwe hersienings en verbeterings verskyn. Net in Openbaring alleen het hy nie minder as 90 veranderings aangebring nie. Verskeie ander drukkers en uitgewers het met Erasmus se teks as basis ander MSS se lesings bygewerk en so hul eie uitgawes die lig laat sien. Daar is nie geskroom om veranderings en sg. verbeterings vrylik aan te bring nie. Volgens oorlewering het Erasmus hom verlaat op MSS van die 12de/13de eeu wat die Bizantynse Keiserlike teks, ook genoem die Koinetekste, d.w.s. die jongste van die verskeie Nuwe-Testamentiese tekstipes, en sy navolgers het dieselfde gedoen. Dit was naamlik die dominante vorm van die teks in die 14de/15de eeuse manuskrip-tradisie en selfs waar daar ouer en beter MSS beskikbaar was, is hulle nie geraadpleeg nie, as gevolg van die bekendheid en inslag van die Bizantynse tradisie.

Van die hand van die bekende uitgewer van Parys, Robert Estienne, of beter bekend as Stephanus, het 4 uitgawes van die Griekse NT verskyn, 3 in Parys en die laaste te Geneve in 1551. Sy derde uitgawe in 1550 is die eerste Griekse NT wat ’n Apparatus Criticus het, d.w.s. wat variante lesings uit ander MSS by wyse van notas aangetoon het. Hy het 14 MSS onder oë gehad asook die Griekse teks van die Komplutensiese Poliglot. Hierdie uitgawe van 1550

kom naaste aan Erasmus se 4de en 5de uitgawe, en dit is hierdie uitgawe wat bekend geraak het as TR. Dit is egter die Elsevier-broers van Nederland wat eintlik verantwoordelik is vir die naam *Textus Receptus*. Hulle het tussen 1624-1678 sewe uitgawes die lig laat sien, en in die voorwoord van hulle 1633 uitgawe dit so gestel: '*Textum ergo habes mine ab omnibus receptum*'. Dit kan so vertaal word: 'Wat u nou egter het, is 'n teks wat algemeen aanvaar word'. Hierdie teks was gegrond op die Beza-teks. Beza was die vriend en opvolger van Calvyn in Geneve. Beza het nie minder as 9 uitgawes die lig laat sien nie.

Die Elseviers se 1633-uitgawe het Beza se bywerking van Erasmus se 5de uitgawe soos gepubliseer deur Stephanus in 1550 bevat. Dit is dan die ontstaansgeskiedenis van TR. Wat is nou TR? Ses uitgawes deur Erasmus, met baie korreksies aan die teks aangebring, ander uitgawes deur ander persone gekorrigeer, dan Stephanus se 4 uitgawes, met 9 uitgawes van Beza en 7 uitgawes deur die Elsevier-broers.

By die sinode van 2004 het die sinode kennis geneem dat daar wat die Nuwe Testament betref, nie so iets soos 'n *Textus Receptus (TR)* bestaan nie, maar dat vandag aanvaar word dat TR 'n samevoeging van verskeie manuskripte was, en dat daar verskillende gedrukte uitgawes van die teks verskyn het, wat almal van mekaar verskil het (Sakelys 2004, p. 166). Dit is egter belangrik om te besef dat hierdie teks op sy vroegste dateer kan word uit die 14de/15de eeu na Christus.

Op die vraag na die regte grondteks wil diegene wat dit téén die moderne Bybelvertalings het, om verskeie redes niks van die UBS-teks weet nie. Aan die anderkant verwerp die voorstanders van die moderne vertalings die TR, ook om verskeie redes. Die redes wat na albei kante toe aangevoer word, klink egter so oortuigend dat 'n mens op die ou einde moet vra: Wie is nou eintlik reg? En nog belangriker is die vraag: Wat moet die Gereformeerde standpunt oor die kwessie van die grondteks wees?

Om die bronteks van die Nuwe Testament vas te stel, moet mens kennis neem dat tekste van die Nuwe Testament, soos in die geval van die Ou Testament met die hand oorgeskryf was, en dat daar verskillende tekste in omloop was in die vroeg-Christelike kerk.

Drie basiese benaderings word vir die vasstelling van die beste lesing gebruik:

#### **a) Die vasstelling van teksfamilies**

Ons het reeds kennis geneem dat dit noodsaaklik is om tekste met mekaar te vergelyk om vas te stel watter lesings die beste is. Sekere manuskripte bevat minder skryffoute as ander. Indien een manuskrip 'n skryffout bevat het, sou al die manuskripte wat vanaf dié een gekopiëer was, dieselfde skryffout bevat. So kan skryffoute teruggevoer word tot 'n gemeenskaplike "teks-voorouer". Die vertrekpunt is dat daar slegs een oorspronklike lesing

kan wees. Verskillende metodes word in die vak Tekskritiek aangewend om te bepaal watter manuskripte kopieë van ander moes wees. So word teruggewerk tot en met die oudste beskikbare lesing.

### **b) Die meerderheidsteklesing**

Tydens die vorige eeu was groot gewag gemaak van die sogenaamde meerderheidsteklesing. Dit vind aansluiting by die idee van teksfamilies, maar maak die verdere afleiding dat die aantal manuskripte van 'n teks, die betroubaarheid van die teks bevestig. Volgens hierdie teorie sou Bybelgedeeltes wat die meeste gekopiëer was, die beste lesing bevat. Die probleem met so 'n benadering is egter hoe ons kan weet of daar nie meer van 'n bepaalde lesing sou wees waarvan ons nie weet nie. 'n Teksfamilie met aanvanklike skryffoute sou ook nie 'n goeie lesing hê nie, al sou hy baie meer gekopiëer word as die ander. Hierdie benadering is dus nie 'n baie objektiewe benadering nie.

### **c) Die oudste teks**

Manuskripte moet geweeg word, en nie getel word nie. Ons moet eerder aanvaar dat die oudste tekste die beste lesings bevat, aangesien hulle minder kere gekopiëer was.

Al bogenoemde beginsels is in aanmerking geneem by die vasstelling van die Nestlé-Aland 26ste uitgawe wat in 1976 verskyn het. Die navorsing het duidelik getoon dat die sogenaamde Textus Receptus 'n minder aanvaarbare teks was, aangesien die teks nie teruggevoer kon word na die oudste bronne nie. Saam met die United Bible Society is daar 'n "standaardteks" vasgestel wat as bron sou dien vir alle vertalings na 1976.

## **3. Beskuldigings teen die UBS-tekse**

Uit die geleedere van diegene wat dit téén die moderne vertalings het, het daar in die afgelope tyd 'n paar publikasies in omloop gekom wat die UBS-tekse sterk afwys. Sekerlik die bekendste hiervan is die boekie van Martin Gunther getiteld: *Is die '83-vertaling die Bybel?* en die meer onlangse *Bewaar my Woord* van J.C. Erasmus, wat op plekke 'n woordelike verwerking is van E.F. Hills se "The King James Version Defended".

In sy boekie wat in 1986 verskyn het, maak Gunther die UBS-tekse af as 'n valse tekse en prys hy die TR aan as die enigste wat werklik die Woord van God bevat. Daarmee het Gunther baie mense op sleeptou geneem. Sy argumente berus egter op gegewens wat by nadere ondersoek onjuis blyk te wees.

### **3.1 Die UBS-tekse 'n Roomse tekse?**

Gunther beweer naamlik dat die UBS-tekse op 'n aantal Rooms-Griekse manuskripte berus wat Keiser Konstantyn laat opstel het met die doel om die Christelike kerk te ondermyn. Om

sy bewerings te staaf, gryp Gunther terug op die geskiedenis van die vroeë kerk: Die oud-Christelike geskiedskrywer Eusebius het gedurende sy leeftyd in opdrag van Keiser Konstantyn 50 kopieë van die Bybel laat oorskryf vir gebruik in die kerke. Hierdie gebeurtenis staan histories vas. Eusebius maak self daarvan melding in sy boek *Lewe van Konstantyn*. Oor hoe daardie 50 manuskripte gelyk het en wat uiteindelik daarvan geword het, het ons egter geen historiese getuie nie.

Daaroor kan 'n mens maar net bespiegel. So is daar geleerdes wat die vermoede uitspraak dat twee van die manuskripte waarop die UBS-tekst berus, naamlik *Sinaiticus* en *Vaticanus*, onder daardie 50 manuskripte getel het. Maar hulle bied hulle vermoedens nie as feite aan nie. Hulle weet dat hulle met bespiegelings besig is.

Gunther maak egter die fout om bespiegelings as feite te behandel. Hy bied o.a. die volgende as historiese feite aan:

- Hy sê dat Konstantyn die genoemde 50 manuskripte van die Bybel met bose bybedoelings laat voorberei het. Konstantyn wou daarmee die Christelike kerk ondermyn. Hoe dan so? Omdat, sê Gunther, Konstantyn nooit werklik tot bekering gekom het nie. In sy hart was hy 'n duiwelaanbidder wat sy sogenaamde bekering tot die Christelike godsdiens slegs as dekmantel gebruik het om die Christelike kerk in die ope uit te lok, sodat dit makliker vervolg kon word. Die teken van die kruis wat Konstantyn volgens oorlewering aan die hemel gesien het, was dan ook volgens Gunther in werklikheid die duiwelse ANKH-kruis. Die 50 manuskripte was deel van 'n duiwelse plan teen die Christelike kerk. Dit alles is eie bespiegelings wat Gunther sonder enige historiese gronde, as feitlike geskiedenis aanbied.
- Maar hoe kon die kerk dan deur die produksie van 50 Bybelse manuskripte ondermyn word?

Hiervoor bied Gunther die volgende "feite" aan: Eusebius, wat die Bybels moes laat oorskryf, was 'n aanhanger van die destydse dwaalleer van die Arianisme (die Ariaanse sekte was 'n voorloper van die hedendaagse Jehovahgetuies en word in die Geloofsbelydenis van Nicea weêrlê). Eusebius het daarom die teks van daardie 50 Bybelkopieë opsetlik verdraai ten einde die Godheid van Jesus uit die Bybel uit te skryf. Ook vir hierdie bewerings het Gunther geen historiese gronde nie. Daar bestaan geen bewyse vir die bewering dat Eusebius aan enige van die 50 Bybelkopieë 'n Ariaanse kleur gegee het nie.

- Voorts argumenteer Gunther dat hierdie verdraaide Bybel toe inderdaad die Bybel van die Rooms-Katolieke Kerk geword het. Die TR daarenteen, wat volgens Gunther die suiwer Bybel bevat, is deur die Waldense in Suid-Frankryk gelees en bewaar tot en met die Reformasie toe.

Die TR het dan die teks van die Protestantisme geword, terwyl die 'valse teks' van daardie Eusebius-manuskripte, die teks van die Katolisisme gebly het. Gunther se bewerings is egter histories onjuis. Die Eusebius-manuskripte was op geen stadium die Bybel van die Roomse Kerk nie. Dit is immers welbekend dat die Rooms-Katolieke Kerk die *Latynse Vulgaatvertaling* as Bybel gebruik het. Die Latynse Vulgaat is teen ongeveer 382 n.C. in opdrag van Biskop Damasus van Rome deur die geleerde Hieronymus opgestel, en is uiteindelik op die Konsilie van Trente (1546) deur die Roomse Kerk as kanoniek verklaar.

- Gunther kom uiteindelik by die bewering uit dat die Rooms-Katolieke Kerk deur middel van die Verenigde Bybelgenootskappe daardie Ariaanse Eusebius-tekst in die UBS-tekst ingedra het.

Hierdie bewering kan in geen opsig waar wees nie: Bestudering van die UBS-tekst bring

duidelik aan die lig dat die UBS-samestellers konsekwent teen die Roomse teks - die Vulgaat! - gekies het, waar dit van die ander teksgetuies verskil. Die beskuldiging van die UBS/NA teks as 'n Rooms-Katolieke Bybel is dus geheel en al sonder grond.

### 3.2 Die UBS-teks vir die Jehova's?

Soos hierbo aangedui is, glo Gunther dat die UBS-teks 'n weergawe van die Ariaanse Eusebiusteks is. As sodanig is dit daarop gerig om die Godheid van Jesus uit die Bybel te verwyder, net soos die Jehovagetuies dit graag wil doen.

Ter ondersteuning van sy bewering gee Gunther 'n lys van gedeeltes wat sowel in die UBS-teks as in die Jehovagetuies se Bybel (die *New World Translation*) weggelaat is. 'n Hele aantal daarvan behels die weglating van die Name Jesus, Christus, Here of God. Vir Gunther is hierdie weglating 'n bewys dat die UBS-teks (en gevolglik alle moderne vertalings) Jesus en sy Godheid uit die Bybel uitskryf en daarmee die Jehovagetuies ondersteun.

Dit is wel waar dat baie woorde, sinsnedes en selfs sinne wat in die TR voorkom, nie in die UBS teks voorkom nie. Maar hierdie weglating beteken nie dat God uit die Bybel uitgeskryf word of dat die Godheid van Jesus geloën word of dat die leer van die Drie-Eenheid aangetas word nie.

Weliswaar is aspekte van bogenoemde leerstukke plek-plek as gevolg van teksvariasies minder eksplisiet, maar in ooreenstemmende gedeeltes op ander plekke in die Nuwe Testament word dit weer meer eksplisiet gestel; daarmee is dit nog lank nie uit die Bybel uitgeskryf nie. Die Godheid van Jesus en die leer van die Drie-Eenheid staan of val immers nie by 'n paar tekste in die Bybel nie. Inteendeel, as gevolg van die eenheid van die Skrif, is hierdie leerstukke onaantasbaar soos goeie suurdeeg regdeur die Skrif versprei. Die aantyging van Gunther dat die UBS-teks en die moderne vertalings valse Bybels of selfs 'n Bybel vir die Jehovagetuies is, is 'n ernstige aantyging, maar is gelukkig 'n ongegronde aantyging!

## 4. “King James Version – only” teorie

Daar het die laaste dekades 'n populêre teorie ontwikkel om die variante lesings van die teks van die Nuwe Testament te probeer verklaar. Hierdie teorie beweer dat God nie net die oorspronklike opskrifstelling van die Bybel geïnspireer het nie, maar ook die kopiëring daarvan. Hierdie geïnspireerde kopiëring geld egter net vir een stroom van Bybelse manuskripte, slegs die “oorgelewerde teks” of die Textus Receptus (TR). Hierdie teorie gaan van die veronderstelling uit dat God se Gees nie die oorlewering van tekste in Griekeland, Oos-Europa, die Noorde van Palestina of Noord-Afrika gelei het nie, maar wel die tekste wat in Wes-Europa gekopieer is. Voorstanders van hierdie teorie beweer dat die Oosterse, Griekse, Siriese en Egiptiese tekste, hoewel hulle 'n oerwortel gehad het in die Westerse tekste, verwerp moet word as onbetroubaar, omdat hulle verskil van die Westerse tekste.

Dit gee aanleiding tot die ontwikkeling van 'n nuwe leerstuk, naamlik dat tekste met verloop van eeue in die kopiëringsproses verbeter, in plaas van verswak, en dat latere redaksionele

werk aan sekere tekste in werklikheid eintlik die Bybel kom skoonmaak het van valse leer en –invloede. Teen die tyd dat die TR die lig gesien het (let daarop dat hulle geriefshalwe nie meld watter uitgawe nie) was die Bybel so gesuiwer van valsheid dat dit die enigste betroubare bron vir hulle is. Hierdie benadering vorm die ruggraat van die sogenaamde “King James only-movement”. In die algemeen, het hierdie benadering die beskouing dat slegs die KJ vertaling van die Bybel, met sy ekwivalente in ander tale van die wêreld, die enigste Woord van God is. Alle ander vertalings word gemeet aan hulle ooreenkomste of verskille ten opsigte van die KJV. Ironies genoeg word die KJV dan op sy beurt nie getoets aan die Griekse brontekste tot ons beskikking nie, maar word ook die Griekse brontekste getoets aan die hand van hulle ooreenkoms met die KJV. Gevolglik word enige Griekse teks wat van die KJV verskil, verwerp as ‘n korrupte teks.

#### **4.1 Geïnspireerde vertaling?**

Die “KJV-only”-benadering gaan gewoonlik gepaard met die opvatting dat daar slegs een geïnspireerde kopie van die Bybel bestaan. Dit het dan die implikasie dat die KJV in elke letter en komma en punt, met sy ooreenstemmende vertalings in ander lande geïnspireer is op dieselfde manier as wat die apostels en profete geïnspireer was en dat die vertalers van die KJV op gelyke voet staan met Paulus, Petrus, Johannes en die ander apostels. Enige ander vertaling, of Griekse manuskrip wat daarvan afwyk, is bloot ‘n menseboek.

‘n Verdere gevolg van hierdie benadering is dan dat God as’ t ware deur die TR die kerk kom korrigeer het en dat die variante lesings wat die TR met enige ander Griekse bron vertoon, God se korreksies op die vorige Bybelvertalings is. Dit bring ons by ‘n teorie van suiwering van Griekse tekste aan die hand van kopiëring. Die probleem hiermee is egter, dat hierdie beweging dan van die veronderstelling uitgaan dat God geen finale en afgeronde teks aan die kerk gegee het voor Desiderius Erasmus nie. Gevolglik kan ons die afleiding maak dat God van die eerste eeu af besig was om die oorspronklike tekste te suiwer, totdat die suiwering voltooi is in die KJV en sy variante.

Natuurlik is die rede waarom die brontekste van die TR meer in gebruik was in die kerk, nie soseer hulle korrektheid nie, maar omdat dit die meeste kerke in die Middeleeue verteenwoordig het. Dit is ook nie so dat die manuskripte wat van die TR. verskil onbekende manuskripte was nie, dit was bloot onbekend in Europa voor 1563. Honderde minder bekende antieke manuskripte van die Nuwe Testament (later bekend as die Alexandrynse tekste) het Wes-Europa binnegekom toe Christene uit die Romeinse Ryk (destyds genoem die Bisantynse Ryk) gevlug het met die val van Konstantinopel. Hierdie tekste was die Bybels wat in gebruik was dwarsdeur die oostelike Romeinse Ryk vir eeue. Sou God sy kerk verwerp, bloot omdat hulle nie in Wes-Europa gesetel was nie?

Die teorieë wat die TR. as dié ideale soewereine teks bo alle ander tekste beskou, verloor uit die oog dat TR. self ‘n redaksionele geskiedenis het met verskeie uitgawes en variante op Erasmus se teks. Die waarde van TR. lê myns insiens in sy historiese en kulturele bydrae tot

die vorming van die kerk in die Weste en die planting van die Reformasie in Europa, maar nie soseer in tekskritiese bydrae of grondteks vir Bybelvertaling nie.

In die Westminster Geloofsbelydenis (1:8) lees ons dat:

*“Die Ou Testament in Hebreeus (wat die moedertaal van die Godsvolk van ouds was) en die Nuwe Testament in Grieks (wat die algemeenste aan die nasies ten tyde van die skryf daarvan bekend was), wat onmiddelik deur God geïnspireer en deur sy enkelvoudige sorg en voorsienigheid deur alle eeue suiwer gehou was, is daarom eg; só dat die Kerk eindelik, in alle godsdienste geskille, ‘n beroep daarop doen. Maar omdat hierdie oorspronklike tale aan almal nie bekend is nie wat aan God behoort, wat ‘n reg op en ‘n belangstelling in die Skrifte het en daartoe beveel word om dit met Godsvrees te lees en te ondersoek; moet dit daarom in die moedertaal van elke nasie waarheen dit uitgaan vertaal word sodat, die Woord van God daar oorvloedig in almal mag woon, hulle Hom op ‘n behaaglike wyse mag aanbid en deur die geduld en die troos van die Skrifte, hoop mag hê”.*

Volgens die Westminster konfessie was die oorspronklike Hebreeuse Ou Testament en die Griekse Nuwe Testament “onmiddelik deur God geïnspireer”. Hierdie geïnspireerde woorde word “deur alle eeue suiwer gehou” deur God se voorsienigheid. Die Griekse en Hebreeuse afskrifte, van die oorspronklike manuskripte, wat ons vandag besit, is “eg” en dit is die Woord van God.

‘n Probleem wat die Westminster Geloofsbelydenis, met sy fokus op woorde –nie dokumente nie– geheel-en-al vermy is dat geen van die oorspronklike manuskripte (autographa) vandag bestaan nie.

Wat ons het is afskrifte (apographa). Hoewel ons die oorspronklike manuskripte (d.i. die fisiese dokumente) nie besit nie, volg dit egter nie dat ons die oorspronklike woorde in die afskrifte nie het nie. Die goeie afskrifte wat ons as ‘n geheel het, kan en bevat wel die egte woorde van God.

‘n Bybelse beskouing van die Skrif maak geen aanspraak daarop dat geen foute in enige van die afskrifte ingeglip het nie. God het nooit daarop aanspraak gemaak dat Hy vertalers en oorskrywers onfeilbaar geïnspireer het nie, maar wel dat Hy die oorspronklike boodskap deur sy apostels en profete onfeilbaar aan die kerk gegee het (hoewel Hy belowe om sy Woord deur alle tye suiwer te hou, Jes. 40:8).

Foute in die oorspronklike geskrifte sou dwaling aan God toeskryf, maar gebreke in afskrifte skryf dwaling aan alleen die oorskrywers toe. Dit is alleen die oorspronklike skrywers wat deur God geïnspireer sonder fout geskryf het (2 Pet. 1:20-21; Eks. 32:15-16; 2 Sam. 23:2 & Jer. 1:9) en afskrifte is die geïnspireerde, onfeilbare, foutlose Woord van God slegs in die mate waartoe dit die oorspronklike woorde (boodskap) weerspieël.

Francis Turretin was van dieselfde opinie:

Alhoewel ons volstreekte integriteit aan die Skrifte gee, dink ons daarom nie dat die oorskrywers en drukkers geïnspireerd (theopneustos) was nie, maar slegs dat God se voorsienigheid oor die afskryf van die heilige boeke toesig gehou het, sodat alhoewel baie



foute mog inkruip, kan dit inderdaad deur vergelyking met ander geskryfte (of met die Skrifte sêlf) maklik reggestel word. Dit was nie noodsaaklik om al die skrywers daarom onfeilbaar te verklaar nie, maar om hulle slegs só te rig dat die ware lesing altyd gevind mag word. (Turretin, 1992:72-73).

Die werklike tekskritiese verskille behels die Nuwe Testament. Daar is tans meer as vierduisend-sewe-honderd bestaande Griekse afskrifte van die Nuwe Testament. Daar is ook 'n aantal vertalings van die vroeë kerk, saam met sowat twee-duisend-twee-honderd Skrifleeslyste (Leksionaria), wat op dele van die Nuwe Testament gebaseer is. Dan is daar sowat vyf-en-tagtig vroeë papiri wat fragmente van Nuwe Testament tekste bevat. Daar is geen ander stuk literatuur in die oudheid wat so goed soos die Nuwe Testament gedokumenteer is nie. John Warwick Montgomery het geskryf: "Om oor die voortspruitende teks van die Nuwe Testament boeke skepties te wees, is om toe te laat dat klassieke oudheid geheel in duisterheid wegglip, want geen dokumente van die antieke periode word bibliografies so goed soos die Nuwe Testament geverifieër nie" (McDowell, 1979:40).

Soos B.B. Warfield aantoon, het die Westminster teoloë geleer dat die egte teks in die veelvoud – van die Hebreeuse en Griekse– afskrifte "suiwer gehou" is, maar nie dat elke afskrif sonder fout is nie.

Die suiwer teks word nie noodwendig in enige gegewe afskrif volmaak weergegee nie, maar binne die geheel van die versameling daarvan behou, as gevolg van God se voorsienige toesighoudende sorg in die oordrag van sy Woord. Die foutloosheidsleer is dan –in die strengste sin– slegs op die manuskripte (autographa) van toepassing – dit wat "onmiddelik" geïnspireer was. Maar, die foutloosheidsleer is ook –in afgeleide sin– op die afskrifte (apographa) van toepassing, omdat die woorde van die oorspronklike manuskripte in die afskrifte is (Warfield, 1991:236 vv.). Die goddelike inspirasie leer (2 Tim. 3:16-17) veronderstel die bewaring van die onfeilbare en foutlose Woord van God. Jesus het dit in Mattheüs 4:4 bevestig –waar Hy die inspirasie van die manuskripte (autographa) bevestig– deur te verklaar dat die Skrif "... deur die mond van God uitgaan" en dat die gesag van die afskrifte (apographa – die geskrewe Woord) bekragtig, deur te stel dat dít die standaard is waarvolgens "[d]ie mens sal ... lewe ..." (Strouse, 2003:35).

#### **4.2 Dus, volgens Gereformeerde belydenis, is vertalings van die UBS/NA ook die Woord van God**

Dit is ook noemenswaardig dat die gereelde gebruik van die Septuaginta (die Griekse vertaling van die Hebreeuse Ou Testament) by die Nuwe Testament skrywers, nie slegs in die belangrikheid daarvan en die algemene akkuraatheid van teksoordrag daarin hoog in aansien was nie, maar ook weens die behoefte aan vertalings in die "moedertaal van elke nasie waarheen dit uitgaan vertaal word, sodat, die Woord van God daar oorvloedig in almal mag woon, hulle Hom op 'n behaaglike wyse mag aanbid en deur die geduld en die troos van die Skrifte, hoop mag hê". Soos die Westminsterse Geloofsbelydenis leer, alle persone is "in die vrees van God" gelas om die Skrifte "te lees en te ondersoek", wat sodoende vereis dat hulle in staat moet wees om die Bybel te kan lees en in hul eie taal te hoor. Hierdie leer word in verskeie plekke in die Bybel geleer: Deuteronomium 31:11-12; Jeremia 36:6-7; Mattheüs 28:18-20; Johannes 5:39; Romeine 15:14 om net 'n paar te noem. Op hierdie wyse, sou

persone uit alle nasies die weg van saligheid leer ken (Joh. 20:31; Rom. 1:16-17; 10:7) en in staat wees om hulleself teen die Bose een en sy aanhangers te beskerm (Ef. 6:10-18).

Hierdie selfde beginsel word in Nehemia 8 geleer, waar die Woord van God in die oorspronklike taal gelees word deur Esra, maar in die taal van die hoorders vertaal word deur die Leviëte. Verder, het Jesus in sy aardse bediening die mense in hul moedertale geleer (Matt. 5-7). Sy apostels en dissipels het dieselfde gedoen. Op Pinksterdag het mense van oor die wêreld heen die evangelie in hul eie taal gepreek gehoor (Hand. 2). En op hul sendingsreise, het Paulus en sy genote die Woord van God in tale wat die hoorders kon verstaan gepreek (Hand. 13-28). Dit impliseer, onder andere, dat verklarende openbarings nie slegs voldoende en akkuraat in die oorspronklike tale uitgedruk is nie, maar ook in ander menslike tale. Menslike taal is, as sodanig, 'n gawe van God en is 'n geheel genoegsame en gepaste middel om die goddelike waarheid akkuraat en letterlik mee uit te druk. Vêr van 'n belemmering tot kommunikasie tussen God en mens, is taal, spraak en die menslike woord die uitsluitlike middel van sulke kommunikasie.

### **5. Ten slotte**

Toe die heel eerste sinode van die AP Kerk in 1987 gekonstitueer het, was daar net 2 Afrikaanse Bybelvertalings waaruit die nuwe kerk kon kies toe 'n amptelike vertaling vir gebruik in die kerk bepaal moes word. Vandag, 25 jaar later, staan ons op die vooraand van 'n derde Afrikaanse vertaling. Wat die grondteks van hierdie vertaling betref, hoef ons nie te twyfel dat dit God se Woord is nie, want God waak oor die suiwerheid van sy Woord deur sy voorsienigheid. Hoe die eindproduk daar sal uitsien en of dit deur die Kerke in kerkverband aanvaar gaan word, is nie vir ons om vandag te besluit nie? Wat egter vas staan, is dat ons 'n betroubare manuskrip het waaruit die vertaling gemaak word, ongeag die kritiek uit enkele kringe teen die gebruik van die UBS/NA as grondteks. Daarom kan ons die UBS / N-A aanvaar as Woord van God omdat dit die ware saligheid in Christus alleen verkondig.